Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

Ditjies & Datjies, Plus 'n Veertjie
saam met Ah, Willa! & VRIENDE
https://www.willa.co.za

# 'n Maandelikse Potgooi

met Ah, Willa! & VRIENDE

# Episode 19

# Hoop





SCAN ME

met Ah, Willa! & VRIENDE

Besoek ons webtuiste

https://www.willa.co.za

# Hierdie week in

# Episode 19

# Hoop

Ditjies & Datjies, Plus 'n Veertjie saam met Ah, Willa! & VRIENDE
https://www.willa.co.za

met Ah, Willa! & VRIENDE

**KOM LEES EN LUISTER NA**

ons maandelikse potgooi
van gedigte en gedagtes
alles tot eer van
ons hemelse Vader!

SCAN ME

met Ah, Willa! & VRIENDE

Besoek ons webtuiste
https://www.willa.co.za



# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

Ditjies & Datjies,
Plus 'n Veertjie
saam met
Ah, Willa! & VRIENDE
https://www.willa.co.za

Kontak en volg
Ah, Willa! & VRIENDE
op ons sosiale media

**KLIK OP DIE IKOON OM ONS TE VIND BY**

WWW

SCAN ME

met
Ah, Willa! & VRIENDE



**Besoek ons webtuiste**

https://www.willa.co.za

# INDEX


- Openingsgebed
- Waar ...? - © Anri Human
- Ons Hoop - © Glenn Kahts
- Hy is tuis - © Odette Karsten
- Hoop bo hoop - © Jani Kahts
- Hoop - © Alicia Kotze
- Tema gedagtes:  Hoop deur Jani Kahts
- Hoop - © M'Hennie
- Vader, U is Hoop - © ♫~♥Ah,Willa!♥~♫
- Strate vol hoop - © Odette Karsten
- My hoop - © Glenn Kahts
- Hoop kom klop aan jou deur - © Anri Human
- Slot gebed
- Dan volg nog 'n paar ditjies en datjies wat jy moet weet ...




# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

Ditjies & Datjies,
Plus 'n Veertjie
saam met Ah, Willa! & VRIENDE
https://www.willa.co.za



Jy kan luister na episode 19

**KLIK OP DIE IKOON**

SCAN ME

met Ah, Willa! & VRIENDE



**Besoek ons webtuiste**

https://www.willa.co.za

# Openingsgebed deur Jani Kahts

Jani Kahts



Pappa Vader

In nederigheid kom buig ons voor U neer,
en verklaar ons afhanklikheid van U.
Alles wat ons het en alles wat ons is,
elke goeie ding kom uit U hand uit.

Met ons oë, ons hoop en vertroue gevestig op U,
kan ons nie anders as om in
dankbaarheid na U toe op te kyk nie.

Mag vandag se episode, eer bring aan U naam.

Amen





# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

**Waar ...?**

Waar sal ek soek?
Vriende, ouers, familie kan raad gee-
maar telkens vra ek myself weer...
Waar kan ek soek en 'n bevredigende antwoord kry?

Vee voor jou eie stoep,
die eeue oue waarheid of naarheid?
Interne soektog na daardie naald in die hooimied, wat jou pla-
en ek myself weer die vraag afvra:
Waar kan ek aanklop om hulp?

Daar is egter slegs een antwoord tot hierdie vraag,
gaan vra die Een wat die hooimied gemaak het...

Waar sal ek soek? By God alleen.
Waar sal ek 'n antwoord kry? By God se troon.
Waar kan ek aanklop om hulp? By God se Vaderhart.

© Anri Human
2001-11-11 (Hersien 10/02/2024)

gedig deur

© Anri Human



voorgelees deur

Sanet Potgieter





SCAN ME

Besoek ons webtuiste

met Ah, Willa! & VRIENDE

https://www.willa.co.za

## Ons Hoop.

*Heb 11:1 Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ONS HOOP, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.*

*1 Ti 1:1 Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus in opdrag van God ons Verlosser en van Christus Jesus ONS HOOP.*

gedig deur

© Glenn Kahts



Wonderlike Hemel Vader, dankie dat
ons met U kan gesels,
oor die betekenis van “ONS HOOP”.
Dit lyk “ONS HOOP” wil baie meer behels
as om net te hoop om iets te koop.

Ons hoop in Christus is iets wat klaar vasstaan.
Ons Heilige Gees het dit reeds vir ons gesê.
Ons glo dat ons hoop in Jesus beslis bestaan,
dat ons verbintenis met Jesus is reeds vasgelê!

Ons weet ons is uitverkies;
ons besit reeds Jesus se Goeie Nuus.
Ons hoop in Hom is ‘n vaste wete
dat by Hom word ons nooit vergete.

Dankie Heer Jesus, dat U ons HOOP is.
Ons weet ons is een in hart met U.
Ons weet U het in ons ‘n welbehae;
deur U, het Vader ons vergewe.

voorgelees deur

André Truter



Ons hoop nie dat U ons sal vergewe-
ons HOOP is in U, want U het reeds vergewe…
Daarom sal ons U loof en prys tot in ewigheid!
Ons HOOP in U, is ‘n vaste heerlikheid!

Dankie Jesus. Dankie. Dankie. Dankie!!!

© Glenn Kahts



gedig en voorgelees deur © Odette Karsten



## Hy is tuis

By my voordeur lê hoop,
binne is genade in die huis.
By die agterdeur lê seer,
en ek weet verseker
Hy is deur alles tuis.

Hier neffens ons.

© Odette Karsten



# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

## Hoop bo hoop

Hopeloos en hoopverlore,
ons dink soms
smart is vir ons beskore;
maar God
het 'n hoopvolle toekoms kom
belowe...

Die hoop is nie net vir onsself,
ons dra die lig wat die duister
vir ander mense moet delg.

Ons is geroep
om die boodskap van hoop
uit te dra.
Jesus is ons Hoop,
Hy hoor ons as ons vra...

Waarheen nou Here?
Waar sal my hulp vandaan kom?
Dit kom van die Ewige Lig,
Hy is die bron!

gedig deur © Jani Kahts



Die donkerste donker, kan
nie
kers vashou by Hom...
Want die duister vlug,
vinniger as wat die lig kan
kom.

Hoop bo hoop, bly ons
vertrou,
Hy bepaal ons toekoms;
Hy is getrou...

© Jani Kahts

voorgelees deur Carel Basson



SCAN ME

met Ah, Willa! & VRIENDE

Besoek ons webtuiste
https://www.willa.co.za



# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

## Hoop

Hoop is een van daai klein woordjies wat groot betekenis gee.
Hoop is vol hoop.
Dit kan vals wees en net 'n tydelike straaltjie los.
'n Skynsel.
Miskien net om daai trappie van opgee tot aanhou te oorbrug.
Dit hou die deur oop vir die toekoms.
Dis die eerste tree van glo.
Saam met geloof en liefde het dit geen einde nie, dit bly.
Binne in dit vind ons vreugde, lewenslus en 'n doel.
Sonder dit is daar geen rede om meer die asem in jou longe te voel.
Sonder hoop is die lewe dood.
Niks om na uit te sien.
Net hopeloos.

© Alicia Kotze

gedig en voorgelees deur

© Alicia Kotze





SCAN ME

met Ah, Willa! & VRIENDE

Besoek ons webtuiste

https://www.willa.co.za

# Hoop deur Jani Kahts

Hoop

Hoekom raak ons hopeloos en moedeloos?
Want ons kyk na ons omstandighede en ons sien nie die uitkoms nie.
Ons weet nie wat om te doen of na wie toe om te gaan vir die wysheid, raad en antwoord nie...

Ons weet Jesus is ons HOOP, ons weet ons raad en ons antwoorde is by Hom, maar hoekom verander ons omstadighede dan nie?

Dalk dink jy Jesus wil jou dalk net nie help nie, of dalk dink jy jou geloof is net nie groot genoeg nie?

Maar Jesus WIL jou help.

Daar was nie een geleentheid in die Bybel, waar iemand na Jesus toe uitgereik het, hetsy vir genesing, beskerming of voorsiening, waar Jesus hulle weg gewys het, of gesê het dat Hy nie kan, of wil help nie...

Selfs die kere waar die dissipels klein gelowig was, was Jesus se hart seer daaroor, maar hy het nooit sy hand terug getrek van hulle af nie - Hy het nogsteeds gehelp...

Hoekom voel ons dan nogsteeds of ons soms verdrink?

Ons sien in Mat 14:28
dat Jesus nie die rede is dat Petrus hopeloos gevoel het en begin sink het nie
- sy omstadighede was.
Hy het 'n eenvoudige instruksie gehad: "Kom",
en terwyl hy sy oë op Jesus gehou het en die instruksie uitgevoer het, kon hy op die water loop, maar die oomblik toe hy na sy omstadighede kyk, en sien hoe sterk die wind is, het hy begin sink...

En selfs dan, in sy twyfel en in sy ongeloof, toe hy na Jesus uitroep en vra: "Here, red my," het Jesus hom steeds gehelp.

God se hart teenoor ons sal altyd liefde en deernis wees.
Met Sy hele hart wil Hy altyd wil help, genees, beskerm en voorsien...

Jani Kahts



Almal in die Bybel wat na Jesus toe uitgereik het vir hulp, het 3 dinge in gemeen gehad:
1. 'n ontmoeting met Jesus
2. geloof (hetsy klein of groot)
3. gehoorsaamheid - in die geval van instruksies

- Soms is dit net nodig om 'n ontmoeting met Jesus te hê, en soos Jakob met God te stoei in Gen 32:26, en te sê:
"ek sal jou net los, as jy my seën."

- Soms is dit nodig om buitengewone geloof te hê, soos in Markus 5:26 om en te weet dat ten spyte daarvan dat die vrou al baie behandeling gekry het en talle dokters gesien het, en niemand haar kon help nie, sy net nodig het om aan Jesus se kleed te raak, en sy sal gesond word.
In Markus 5:34 sien ons Jesus sê vir haar - "my dogter, jou geloof het jou gered. Wees vir goed van jou kwaal genees."

- En soms is dit nodig om God vir wysheid te vra, mooi na Sy instruksies te luister, en dit volledig te gehoorsaam soos ons sien in 2 Konings 5:10 waar die man van God vir Naäman beveel het om homself 7 maal in die Jordaan te gaan was, om weer rein te word.

Sou hy dit net 6 keer doen, sou hy nie die wonderwerk beleef het nie. Sou hy moeg word en moed opgee na die derde was, sonder enige verbetering, sou hy nie die genesing ontvang het nie. Sou hy besluit het om 'n ander dam of rivier te gebruik en nie die Jordaan nie, sou hy ook God se plan op genesing gemis het.
- Hy moes eerstens die keuse maak om die raad op te volg,
- Tweedens om dit akkuraat na te kom,
- en derdens om dit enduit te voltooi.

Daar is dus geen rede vir ons om moedeloos of hopeloos te raak nie...

Jesus WIL help -
In Jer 29:11 sien ons dat God se planne vir ons voorspoed, 'n hoopvolle toekoms, vol verwagting is...

Maar nou lê die verantwoordelikheid by ons -
1. Soek Jesus op. Ons begeerte moet wees om na Hom toe te loop.
2. Volg Sy instruksies as Hy sê, klim uit die skip en loop na My toe.
3. Hou ons oë gerig op Hom, ons geloof is in Hom - nie in ons omstadighede nie.

Jesus het nie gesê, wag tot ek nader aan die skip is, of wag tot die wind eers gaan lê, of wag vir die golwe om te bedaar nie...
Sy instruksie is eenvoudig: "Kom."

- en Petrus het op die water geloop...



# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

## Hoop

*("Ongeloof loop uit op 'n hoop'lose einde; geloof loop uit op 'n eindelose HOOP" – Gilbert Brencken.)*

"Om vertroue te hê"; soos in "HOOP op God";
is 'n betekenis, waarop ek wil ingaan.

"Ons verheug ons in die HOOP op die heerlikheid
wat God vir ons bestem het",
sê Paulus, en gaan voort:
Swaarkry kweek volharding,
wat weer egtheid van geloof kweek.
Egtheid van geloof kweek HOOP op God,
en dié HOOP stel ons nie teleur nie,
want God is daar in sy Gees."

Paulus bid ook dat God ons geestesoë
sal verhelder sodat ons sal weet watter HOOP
Gods roeping vir ons, sy kinders, inhou.
Op grond van dié geloof kan ons HOOP
al sterker word,
en laat ons HOOP op 'n heerlike toekoms
saam met Jesus.

Om te HOOP, gryp jy nie in die lug rond nie,
maar verseker jou van dit waaraan jy glo.
Bou dus jou HOOP nie op mense nie,
maar op God in wie jy heelhartig kan glo.

Jesus het jou toekoms vir jou oopgesluit.
Dus is jou geloof geanker
in God se liefde
waar sy Gees met jou saamloop
na 'n toekomsverwagting -
na God se heerlik' hemelse woning –
wat 'n HOOP!

Daarom en om dié rede HOOP ek!
Daar is geen einde aan sy ontferming nie!

© M'Hennie

gedig deur

© M'Hennie



voorgelees deur

Carel Basson



SCAN ME

met Ah, Willa! & VRIENDE

Besoek ons webtuiste

https://www.willa.co.za



# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

## Vader, U is Hoop

In die stilte van die oomblik
val ek neer op my knieë;
want ek weet verseker
waar my enigste Hoop is!

Onbeskryflik boos,
en kniel net voor self:-
self se beeld en selfgenot,
maar nooit ooit voor God!

Kan die duisternis dan
nog donkerder word?
G'n wonder die mens
verdrink in wanhoop ...

Ek moet U lig helder skyn,
maar die duisternis is donker,
dit is om my en in my en by my ...
dis onmoontlik om te skyn
as mens besig is om in sonde te kwyn ...

Abba Vader, net U kan red,
daarom is my knieë gebuig
in hierdie ondenkbare stilte -
ek kan nie, ek is niks anders
maar U kan, want U is Hoop!

Was my wit soos sneeu,
maak my U lig helder skyn
sodat ander om my dan nie
sonder U sal kwyn in donker vrees,
maar deur U helder genade, U aanneem.

© ♫~♥Ah,Willa!♥~♫
09 Februarie 2024 at 05:23

gedig deur

© ♫♥Ah,Willa!♥♫



voorgelees deur

Anri Human



SCAN ME

met Ah, Willa! & VRIENDE

Besoek ons webtuiste
https://www.willa.co.za



# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

## Strate vol hoop

Ek hoor die gedreun
van ver verlange waters,
troebel, troebel oor die klippers van
die Karoo.
Ek hoor die donder
van die donderweer
en die blitse wat kom oogknip
uit die donker wolke bo.

Ek sien hoe die bome glimlag deur die
strale
van die son wat vanmôre opkom oor
die sopnat aarde,
onder 'n paar dankbare voete.

Ek voel hoe geluk
al die gate in my hart kom vul.
Daar's te veel plekke om te gaan,
maar daar is net een roete.

Hy het klaar besluit
hoe die pad gaan lyk,
en vandag is ek dankbaar
dat my paadjie hier só loop.

Hy het klaar besluit
hoe die pad gaan lyk
en vandag is my strate
weer vol van hoop.

© Odette Karsten

gedig deur © Odette Karsten



voorgelees deur Angelo Titus



SCAN ME

Besoek ons webtuiste

met Ah, Willa! & VRIENDE

https://www.willa.co.za



# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

**My Hoop.**

Hemel Vader, so Groot is U Heilige Naam!
U weet wanneer ons huistoe moet gaan.
Ons kry sewentig jaar. As ons sterk is tagtig.
Ons liefde in U maak ons lewe intens pragtig.

Dis nie so lank nie, dan stap ek oor
van hierdie lewe af oor na U.
My hoop is om weg te smelt,
een te word
met die kern van U Majesteit,
en engele koor.

My hoop is om met U deur die heelal te reis,
vir my die wonder van U skeppingswerk wys.
Om vanuit die buitenste ruim die aarde te beskou,
en te weet;
sonder U het niks so perfek ontvou.

My hoop is om in U hart vir ewig te leef.
Om ewig een met U te wees.
Om U allesoorheersende liefde te beleef,
U nimmereindige vrede,
vreugde, wysheid, en GEES.

Met alles wat in my is,
wil ek U liefhê Heer.
Wil ek liedere skryf
en sing tot U eer.
Ek wil so graag dat die mensdom hul tot U bekeer,
dat U hul van U massiewe liefde kan leer.

Kom heelal, kom saam met my,
kom ons maak ons
Vader se hart ewig bly.
Deur onsself onvoorwaardelik
aan Hom toe te wy,
en daar by Hom ons ewige HOOP in Hom te verkry!
Hallelujah! Amen.
En Amen!

© Glenn Kahts

gedig deur

© Glenn Kahts



voorgelees deur

Sanet Potgieter



SCAN ME

met Ah, Willa! & VRIENDE

Besoek ons webtuiste

https://www.willa.co.za

## Hoop kom klop aan jou deur

Die hoop beskaam nie,
veral net sodra die vlammetjie
wil vergaan…
en net voor die sonsopkoms,
in die stik-donker nag…

Dan is daar 'n klop aan die deur:
Hoop het in mensgestalte
gekom,
Dis Jesus!

© Anri Human
(10/02/2024)

gedig deur
© Anri Human



voorgelees deur
André Truter



SCAN ME

Besoek ons webtuiste
met Ah, Willa! & VRIENDE
https://www.willa.co.za



# Slot Gebed

deur

Jani Kahts




Soveel keer het ons al hoop verloor,
soveel keer het ons al gestruikel en verdrink,
maar vandag kom ons opnuut na U toe Vader,
ons strek ons hande na U toe uit,
en plaas opnuut weer ons hoop en vertroue in U.

U het ons nog altyd gedra,
en U sal ons nooit in die steek laat nie.

Ons loof en prys U vir
U liefde en getrouheid
teenoor ons.

Baie dankie.

Amen



SCAN ME

met Ah, Willa! & VRIENDE

Besoek ons webtuiste
https://www.willa.co.za

# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

Wil jy gedigte deel,
voorlees of redigeer?
Sluit dan by ons
WhatsApp groep aan.
Kliek hier







Do you want to share,
edit or recite poems?
then do join
our WhatsApp group.
Click here

Linktree

Gaan na ons
LinkTree
vir al ons skakels,
kliek hier

SCAN ME

Besoek ons webtuiste

met Ah, Willa! & VRIENDE

https://www.willa.co.za



# Ons Redaksiespan

## Redakteurs

© Anri Human



© M'Hennie



## Redakteurs & Ontwerp

©♫♥Ah,Willa!♥♫



© Jani Kahts



## Tegniese Ondersteuning

© JanDink



SCAN ME

met Ah, Willa! & VRIENDE

Besoek ons webtuiste

https://www.willa.co.za



# Agtergrond Musiek

## Ons is dankbaar vir al die kunstenaars Gevind by: Pixalbay

Die musiek in hierdie episode is van Pixalbay, vonkpos willa@willa.co.za as jy enige navrae het.



# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

Ditjies & Datjies,
Plus 'n Veertjie
saam met Ah, Willa! & VRIENDE
https://www.willa.co.za

## Kontak en volg Ah, Willa! & VRIENDE op ons sosiale media

**KLIK OP DIE IKOON OM ONS TE VIND BY**

WWW

SCAN ME

**Besoek ons webtuiste**

met Ah, Willa! & VRIENDE

https://www.willa.co.za



# Tot volgende keer - mooi loop!





**Besoek ons webtuiste**

https://www.willa.co.za